Bybelstudie:

'n Belofte van nuwe lewe

As jy deur die Bybel blaai en veral deur die boek Esegiël lees, is daar een ding wat soos 'n goue draad deur die Bybel loop, dit is dat God wil hê ek en jy moet erken dat Hy heilig is en dat Hy God is.

Net as enkele voorbeelde waarin God sê dat die volkere moet erken dat Hy God is en heilig is: *Lees gerus die volgende teksgedeeltes: Eseg. 35:11-12; 36:22-23 ; 36:38 ; 37:13 ; 37:28 ; 38:16 ; 38:23. Hierdie is slegs 'n paar voorbeelde.*

Vraag: Hoe groot erkenning is daar tans vir die Here in jou lewe? Is daar ruimte vir Hom dat Hy God kan wees en skyn Sy heiligheid deur jou?

Vraag: Wat gaan jy doen indien dit nie die geval is nie? Watter veranderinge moet jy in jou lewe aanbring?

Vir die Here is Sy naam en die feit dat Hy God is ononderhandelbaar. Hy wil nommer een in jou lewe wees. Toe Hy destyds vir Moses die tien gebooie gegee het (Eks 20:1-6) was dit die eerste aspek wat aangeraak is. Ek wil nommer een wees en bly in jou lewe. Selfs toe Jesus die samevatting van die wet gegee het nadat die vraag aan Hom gestel is oor watter gebod die belangrikste is, het Hy geantwoord dat :"...die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag..." (Mark 13:29-30).

Vraag: Watter verskil sal dit in jou lewe maak as jy die Here ten volle erken en vertrou as die enigste Here in jou lewe en Hom liefhet soos wat Jesus ons beveel?

Hoekom vra ek die vraag? Somtyds erken ons die Here, maar die praktiese uitlewing en implimentering van ons keuse is nie altyd sigbaar in ons besluite en dade nie. Hoekom? Ons leef nie altyd met daardie bewustheid nie. Dit veroorsaak dat die wêreld met al sy uitdagings en verleidelikheid ons as't ware insluk en verswelg en ons denke inkleur. Die Here word 'n wasige entiteit in ons lewe. Hy is daar, maar ook nie daar nie. Ons lewe voel nie vervuld nie. Dit wat die Bybel soveel keer vertel en verwag kom nie na vore in ons lewe nie. Dis juis dan wat ons begin wonder oor die sin van alles. Die oplossing is om net weer die Here as Here te erken in jou lewe

en Hom ten volle lief te hê. Jesus het die mooi beeld gebruik in Johannes 15:1-8 toe Hy praat oor die wingerdstok en die lote.

Lees Joh, 15:1-8

Vraag: Laat toe dat die Heilige Gees met jou praat vanuit die gedeelte. Tot watter mate is die vrug van die inwoning van die Here in jou lewe sigbaar?

Besluit sommer vandag onder leiding van die Heilige Gees om ‘n paar veranderinge in jou lewe aan te bring indien jy nie die vrug van Joh. 15 in jou lewe sien en ervaar nie.

In Esegiël 37 is die Here deur die profeet Esegiël aan die woord. Dit is ‘n baie besondere gedeelte. *Lees gerus eers Eseg. 37:1-14 en laat toe dat die Here self met jou praat vanuit die gedeelte voordat jy verder deur die Bybelstudie werk.*

Die Gees van die Here het Esegiël in besit geneem en gely na ‘n laagte wat gevul was deur droë bene. Die bene verteenwoordig natuurlik ‘n lewe waarin God nie erken word as God nie, want sonder Hom is daar nie waarlik lewe nie. Die bene is soos die gedeelte in Joh. 15 waar daar geen vrug is nie. Israel was op hierdie punt in hulle lewe verteenwoordigend van hierdie bene. Hulle was versprei onder ander volke en die Here het beslis nie die nodige erkenning in hulle lewe gekry nie.

Die Here wys hier vir die profeet dat Hy nuwe lewe kan bring in ou beendere. Die Here is die enigste een wat nuwe lewe kan bring.

Vraag: Het jy al gesien hoe die Here nuwe “lewe” in mense bewerk het? Dalk was dit ook die geval met jou lewe? Dalk smag jy na die nuwe lewe?

Sien raak hoe die Here die beendere opbou met senings en vleis en vel. Hy voeg by wat eers daar was. Hy voeg by wat die beendere doel en betekenis gee.

Die belangrikste wat Hy byvoeg is Sy Gees wat in die beendere kom. Slegs as die Gees in die beendere kom, lewe hulle (37:6).

Kyk wat is die gevolg van hierdie proses en die nuwe lewe: “Dan sal julle besef dat Ek die Here is.” (37:6).

Vraag: Is dit nie wat die Here ook in jou lewe wil hê nie? Dat Hy erken word as die Here nie. Hy is immers jou skepper en alle begin en eindig by Hom. Hy is die Alfa en die Omega.

Vers 11 is ‘n baie besondere gedeelte. Daar waar die volk gedink het dat daar geen hoop meer oor is nie, het die Here uitkoms gebied in vers 12. By Hom is daar altyd hoop. Vers 12 spreek van God se hoop. Daarom kan ek en jy ook vandag hoop hê.

Onthou by die Here altyd is daar altyd hoop. By Hom is nuwe lewe! Tog ook sekerlik een van die belangrikste aspekte, dit waarmee ons begin het is dat God wat hoop gee die nodige erkenning wil hê dat Hoop en Lewe van Hom af kom.

Lees vers 13-14 aandagtig deur en laat toe dat die Here ook die hoop wat Hy vir jou het, bevestig in jou lewe.

My gebed is dat die Here opnuut nuwe lewe in jou jou wek. Mag die nuwe lewe wat die Heilige Gees in jou bewerk, jou tot Sy eer laat lewe.

Persoonlike Aantekeninge: